*Vrydag* **13 Februarie**
**Skrifgedeelte: 2 Timotheus 1:6-18 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:16**

**God se barmhartigheid wys deur barmhartigheid aan ander te bewys**

In Eksodus 34:6 sê die HERE in sy tweede verskyning aan Moses op die berg dat Hy ’n barmhartige God is, ten spyte van Israel se gruwelike sonde om die goue kalf te aanbid. Dit verwys na sy Goddelike genade en hoe dit in sy dade van liefde na vore kom.

Dit is hierdie Goddelike genade (barmhartigheid) wat in Jesus Christus se soenverdienste saamtrek en deur Paulus verkondig is. Dit is wonderlik dat ons Hom só kan ken en ook aanbid. Op grond van God se barmhartigheid is ons ook verplig om barmhartigheid aan ander te bewys.

Hierdie gedeelte gee ’n baie praktiese voorbeeld aan ons. Paulus verkeer in die tronk in moeilike omstandighede. As hy van “sy boeie” praat, dan is dit letterlik so! Hy het ook die hartseer ervaar dat geloofsgenote (vs 15) hom in die steek gelaat het. Hulle was nie bereid om verder vir die evangelie op te offer nie en het hulle vir Paulus as gevangene geskaam.

Tog gebruik Paulus die geleentheid om eerder Timoteus in sy bediening te bemoedig. Hy doen ’n ernstige beroep op hom om getrou te bly. Paulus verwys na Onesiforus (sy naam beteken om hulp en voordeel te bring) wat aan hom getrou gebly het en aan hom barmhartigheid bewys het. Hy het baie moeite gedoen om Paulus te soek, totdat hy hom gevind het.

Sy besoeke het Paulus opgebeur en bemoedig, want hy het hom emosioneel en materieel versorg. Dit het vir Paulus so baie beteken dat hy die bede uitspreek dat Onesiforus op die dag van die wederkoms God se barmhartigheid ten volle sal ervaar.

Daar kan geen groter barmhartigheid wees as wat die Vader aan ons in Christus bewys het nie. Laat ons dade daarom vol barmhartigheid wees (vgl. Luk. 10 oor die barmhartige Samaritaan). God se genadeloon sal nie uitbly nie.

*Sing: Psalm 133-1:1, 2*

*Ds. P (Pieter) van Wyk (Bronkhorstspruit)*